

SKRIFTELIKE OORENKOMS AANGEGAAN TUSSEN:

GEORGE MUNISIPALITEIT

EN

NICO SMIT INGELYF

2008/005390/21


(hierin verteenwoordig deur Nico Smit)

DIE PARTYE KOM OOREEN DAT NADEMAAL:

Die George Munisipaliteit, nadat 'n tenderproses onder Tender No. FIN008/2021, deur middel van die Voorsieningskanaalbeleid plaasgeind het, Nico Smit Ingelyf as die suksesvolle tenderaar aangewys is om namens die George Munisipaliteit 'n volledige skuldinvorderingsdiens te lewer,

-en-

om enige gelde verskuldig aan die George Munisipaliteit vir onder andere eiendomsbelasting, beskikbaarheidsheffings, munisipale dienste en verbruik van water en elektrisiteit en enige ander heffings / foie / in te vorder (hierin verder slegs na verwys as die "invorderingsdienste"),

Handwritten signatures and initials in black ink, including a large signature on the left, a circular stamp or signature in the middle, and initials 'JS' on the right.

-en -

dat die partye hierdie invorderingsdienste, op die wyse reël soos ooreengekom deur die aangaan van hierdie ooreenkoms.

**DERHALWE BEVESTIG DIE PARTYE DIE BESTAANDE OOREENKOMS
TUSSEN HULLE AS VOLG:**

A: REGTE EN VERPLIGTINGE

1. PROKUREUR SE VERPLIGTINGE

1.1 Die Prokureur moet regsdienste lewer met betrekking tot:

1.1.1 die invordering van skuld, wat sal insluit maar nie beperk is tot die aanmaan van skuldenaars aangaande agterstallige rekeninge, die uitreiking van dagvaarding teen skuldenaars, die neem van vonnis teen skuldenaars, die aangaan van reëlings in oorleg met die Munisipale Bestuurder of sy gedelegeerde vir afbetaling van skulde, reël van beslagleggings in eksekusie en eksekusieveilings deur die relevante balju, sogenaamde skuldhofverrigtinge, die behoorlike hantering van enige litigasie in invorderings wat deur die skuldenaar verdedig word en enige ander diens wat die prokureur mag lewer



wat daartoe sal lei dat die uitstaande skuld behoorlik gevorder word;

1.1.2 enige ander sake met betrekking tot die invordering van skuld wat die GEORGE MUNISIPALITEIT van tyd tot tyd aan die Prokureur sal oorhandig, op welke stadium van die skuldinvorderingsproses dit ookal mag wees, en welke sake die Prokureur instem om te aanvaar; en

1.1.3 enige ander aangeleentheid met betrekking tot die dienste vermeld in 1.1.1 en 1.1.2. hierbo vermeld wat sal insluit maar nie beperk is nie tot die lewer van regsopinies, die gee van advies met betrekking tot die vaartbelyning en optimisering van die skuldinvorderingsproses, en enige ander aangeleentheid waarop die partye mag ooreenkom.

1.1.4 Die prokureur sal die invordering van munisipale skulde hanteer ooreenkomstig die voorgeskrewe munisipale ordinansies en beleide ten opsigte van kliëntediens, kredietbeheer en skuldinvordering, en sal die munisipaliteit waar nodig adviseer rakende die wysiging van die bestaande ordinansies en beleide ten einde die invorderingsproses te verbeter.

1.2 Aanvullend tot die stappe vermeld in 1.1 sal die prokureur alle redelike stappe neem om:

Handwritten signatures and initials in the bottom right corner. There are three distinct marks: a stylized signature on the left, a circular stamp or signature in the middle, and a signature with the initials 'JLP' above it on the right.


- 1.2.1 GEORGE MUNISIPALITEIT behoorlik te verteenwoordig in alle oorhandigde sake; en
- 1.2.2 Om die GEORGE MUNISIPALITEIT ingelig te hou met betrekking die verslae oor vordering van die oorhandigde sake, nie later as die Vrydag van die eerste week van die maand nie en op die wyse en in 'n vorm soos van tyd tot tyd skriftelik tussen die partye ooreengekom; en
- 1.2.3 Om binne **drie (3) werksdae** op die GEORGE MUNISIPALITEIT se navrae te reageer.
- 1.3 Die prokureur moet GEORGE MUNISIPALITEIT maandeliks voor of op die **25ste van elke maand**, en as die 25ste op 'n naweek of openbare vakansiedag val, op die eerste werksdag daarna, voorsien van 'n volledige rekening met betrekking tot fooie gehef. Die rekening sal gelewer word in die formaat waarop die partye van tyd tot tyd skriftelik sal ooreenkom.
- 1.4 Die prokureur moet te alle tye GEORGE MUNISIPALITEIT se goeie naam en reputasie beskerm en is verplig om GEORGE MUNISIPALITEIT onmiddelik skriftelik in kennis te stel van enige aangeleentheid wat tot sy kennis kom wat GEORGE MUNISIPALITEIT se goeie naam, reputasie of verhouding met die prokureur mag skaad.

Handwritten signatures and initials at the bottom right of the page. There are three distinct signatures: a large, stylized signature on the left, a circular signature in the middle, and a signature with the initials 'JH' on the right.

- 1.5 Die Prokureur moet GEORGE MUNISIPALITEIT onmiddellik by die weeklikse vergadering in kennis stel, sodra dit blyk dat enige skuld oorhandig vir invordering, oninvorderbaar is en verdere optrede deur die prokureur tot verspilde koste vir die munisipaliteit sou lei. Enige koste wat die Prokureur aangaan in stryd met hierdie klousule sal nie van die Munisipaliteit verhaal kan word nie.
- 1.6 Die Prokureur moet teen nie later as **31 Januarie van elke jaar** bewys lewer dat hy/sy in besit is van 'n **Getrouheidswaarborgfonds sertifikaat vir daardie jaar.**
- 1.7 Die Prokureur vrywaar die George Munisipaliteit teen enige aanspreeklikheid wat die Munisipaliteit mag oloop as gevolg van die prokureur se uitsluitlike nalatigheid voortspuitend uit sy dienste aan die Munisipaliteit ingevolge hierdie ooreenkom.

2. GEORGE MUNISIPALITEIT SE VERPLIGTINGE:

Aangesien die partye dit eens is dat dit nie koste-effektief is vir die George Munisipaliteit om invorderings te laat ophoop totdat die blote getalle daarvan dit onmoontlik maak om spoedig te hanteer in die bestaande regsproses nie; en aangesien die partye dit verder eens is dat hoe ouer skuld word, hoe moeiliker word dit om in te vorder; en aangesien die partye dit verder eens is dat ten einde die invorderings van die George Munisipaliteit op die wyse te hanteer wat deur die George Munisipaliteit vereis word, dit vir Nico Smit Ingelyf nodig is om

Handwritten signatures and initials in black ink, including the initials 'JLP' and several scribbled-out signatures.

sekere infrastruktuur in plek te hê en hou wat tot vaste maandelikse uitgawes vir die prokureur lei, derhalwe bevestig die partye dat dit die George Munisipaliteit se verpligting is om:

2.1 alle redelike stappe te neem om toe te sien dat:

2.1.1. Skuldenaars, so gou moontlik en op 'n gereelde basis aan die prokureur oorhandig word, nadat al die munisipale prosesse interne van die Kredietbeheer Beleid uitgevoer was, en

2.1.2. alle ondersteuning wat die prokureur redelikerwys kan verwag van GEORGE MUNISIPALITEIT ten einde die prokureur in staat te stel om hulle verpligtinge in die invorderingsproses na behore te vervul, op 'n akkurate en professionele wyse deur die munisipaliteit gelewer word, en

2.1.3. om in alle sake wat reeds aan die prokureur oorhandig is vir invordering, enige navrae deur die skuldenaar na die prokureur te verwys vir kommentaar, en waar die George Munisipaliteit voel dat hulle self op die navraag wil reageer, die navraag eers na die prokureur te verwys vir hulle insette, voordat aan die skuldenaar terugvoering verskaf word.


Handwritten signatures and initials in the bottom right corner. There are several scribbled-out signatures and the initials 'JCP' written in the top right of this section.

- 2.2 Die prokureurs te voorsien van toegang na die Finansiële stelse/ls aangesien toegang na die stelsel/s onontbeerlik is vir die prokureur om hul taak behoorlik in terme van die ooreenkoms te verrig. (navrae, ontledings, inpeksies ens).
- 2.3 Om alles in hulle vermoë te doen om toe te sien dat die prokureur/s se rekening betaal word teen nie later nie as die **30ste dag van elke maand** waarin die rekening gelewer word, interme van klousule 1.3, (indien die rekening voor of op die 25ste van die maand ingedien was) en as die 30ste op 'n naweek of openbare vakansiedag val, op die eerste werksdag daarvoor.
- 2.4 George Munisipaliteit moet te alle tye die Prokureur se goeie naam en reputasie beskerm en is verplig om die prokureur onmiddelik skriftelik in kennis te stel van enige aangeleentheid wat tot hulle kennis kom wat die prokureur se goeie naam, reputasie of die prokureur se verhouding met GEORGE MUNISIPALITEIT, mag skaad.

B. FOOIE EN UITGAWES

3. UITGAWES EN KOSTE:

Die George Munisipaliteit sal al die uitgawes en kostes deur die prokureur aangegaan in die invorderingsproses en ten opsigte van elke ander opdrag of instruksies wat die George Munisipaliteit van tyd tot tyd aan die prokureur

Handwritten signature and initials, including the letters 'JCP' written vertically.


gegee het, ten volle betaal. Die prokureur sal alles doen wat van hulle verwag word om die uitgawes te beperk, wat van die skuldenaar verhaal kan word. In gevalle waar paragrawe 4.4 en/of 4.5 en/of 4.6 hieronder van toepassing is, sal die prokureur alles in hulle vermoë doen om die kostes en uitgawes te beperk tot dit wat noodsaaklik was ten einde hulle mandaat na behore uit te voer.

4. FOOIE DIREK IN VERBAND MET SKULDINVORDERING


4.1 Ten opsigte van daardie fooie wat in die tenderdokument gespesifiseer was, en waarvoor die prokureur spesifieke fooie getender het, sal die prokureur slegs geregtig wees om 'n fooi te hef soos per die getenderde fooi. Die tenderdokument wat die prokureur se tender bevat word hierby aangeheg as "Aanhangsel A", soos ook na verwys in klousule 4.7.

4.2 Alle ander fooie ten opsigte van invorderings in die landdroshowe wat nie deur die tariewe in paragraaf 4.1 beskryf gedek word nie, sal as volg gehef word:

4.2.1 Alle ander fooie waarvoor daar in die Reëls uitgevaardig interme van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 of in die reëls uitgevaardig deur die Reëlsraad vir Geregshowe ingevolge die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 107 van 1985 voorsiening gemaak word sal gehef word teen daardie tariewe, en;

Handwritten signatures and initials at the bottom right of the page. There are several overlapping signatures in black ink, including what appears to be 'JL' and 'A'.

- 4.2.2 Alle fooie wat nie deur die fooie in paragrawe 4.1 of 4.2.1 hierbo gedek word nie, sal gehef word volgens die dan geldende skale en tariewe soos bepaal en neergele in die **“Guideline for Taxing Committees for the Assessment of Non-Litigious Fees”** wat van tyd tot tyd deur die Wetsgenootskap van die Kaap die Goeie Hoop gepubliseer word.
- 4.3 In **Hoër Hof** aangeleenthede sal die prokureur slegs fooie hef soos voorgeskryf **deur Reël 70** gewysig en gepubliseer op 11 Junie 2010, of interme van enige wysigings daarna, tensy die bepalings van paragrawe 4.4 en/of 4.5. en/of 4.6. hieronder van toepassing is.
- 4.4 In gevalle waar die munisipaliteit daarop geregtig is om fooie vanaf die skuldenaar te verhaal op die prokureur- en kliëntskaal, of die prokureur- en eie kliëntskaal, sal die prokureur daardie hoër fooi/e hef, maar die prokureur sal slegs die fooie in hierdie paragraaf vermeld van die George Munisipaleit kan verhaal nadat die skuldenaar dit reeds betaal het.
- 4.5 In gevalle waar die prokureur behoorlike uitvoering aan hulle verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms moet gee as volg:

Handwritten signatures and initials at the bottom right of the page. There are several overlapping signatures in black ink, including what appears to be 'JLP' and other illegible names.

- 4.5.1. Die George Munisipaliteit moet ten alle tye volledige en korrekte inligting aan die prokureur verskaf,
- 4.5.2. Indien gebrekkige of foutiewe inligting deur die George Munisipaliteit verskaf was en die koste nie van die skuldenaar verhaal kan word nie, sal die prokureur geregtig wees om die fooie en uitgawes van die George Munisipaliteit te verhaal op n prokureur-en-klienteskaal.
- 4.6 In enige geval waar die fooie en uitgawes van die prokureur nie van die skuldenaar verhaal kan word nie, omdat die George Munisipaliteit instruksies gegee het dat die invorderingsproses gestaak moet word, sal die prokureur die uitgawes en die fooie (bereken op 'n prokureur-en-kliëntskaal) ten opsigte van daardie invordering van die George Munisipaliteit verhaal.
- 4.7 Die partye plaas op rekord dat paragraaf 4 ten doel het om te verseker dat die prokureur slegs fooie en uitgawes sal hef wat deur die George Munisipaliteit van die skuldenaar verhaal kan word, onderhewig aan die tariewe uiteengesit in Aanhangsel "A", soos ook vervat in klousule 4.1, behalwe in gevalle waar die prokureur fooie gehef en uitgawes reeds aangegaan was, as gevolg van 'n late, versuim, fout, verkeerde instruksie of enige optrede of gebrek aan optrede deur die George Munisipaliteit, wat

Handwritten signatures and initials at the bottom right of the page. There are several scribbles and what appears to be a signature, possibly 'JJP' or similar, and some other illegible marks.

tot gevolg het dat die fooie en uitgawes nie van die skuldenaar verhaal kan word nie.

5. FOOIE IN VERBAND MET DIVERSE ANDER AANGELEENTHEDE

- 5.1 Vir alle ander werk wat op GEORGE MUNISIPALITEIT se aandrang en versoek gedoen word en waar leërs nie oorhandig is nie wat sal insluit maar nie beperk sal wees nie, tot die bywoon van konsultasies en skikkingsonderhandeling en ander vergaderings, sal geen fooi gehef word nie, uitgesluit reisgeld en werklike reiskostes, soos per paragraaf 2 van die fooistruktuur van die aangehegte tenderdokument.
- 5.2 Die partye kom ooreen dat daar weekliks 'n vergadering gehou sal word tussen verteenwoordigers van GEORGE MUNISIPALITEIT en die Prokureur, van nie langer nie as 90 minute, op 'n tyd en plek onderling tussen die partye ooreengekom, en waarvan die doel die algemene bestuur van GEORGE MUNISIPALITEIT se invorderings sal wees waarvoor die prokureur geen fooie sal hef nie.



C. DUUR VAN DIE OOREENKOMS**6. TYDSDUUR VAN OOREENKOMS**

Hierdie ooreenkoms sal bestaan vanaf 1 November 2021 vir 'n periode van drie (3) jaar tot en met 31 Oktober 2024.

7. BEËINDIGING VAN DIE OOREENKOMS

7.1 Hierdie ooreenkoms kan beëindig word op die wyse en tydstip waarop beide partye skriftelik toestem; of

7.2 Indien een van die partye 'n wesentlike gedeelte van die ooreenkoms verbreek, of onredelik weier om met die ander party saam te werk, of indien die voortgesette verhouding tussen die partye regtens verbied sou word, maar slegs nadat die prosedure in klousule 8 hierna vermeld nagekom is.

8. VERBREKING VAN OOREENKOMS

8.1 Indien enige van die partye van mening is dat die ander party nie die ooreenkoms nakom nie, moet skriftelike kennis daarvan aan die ander party gegee word, welke skriftelike kennisgewing die beweerde verbreking in detail moet omskryf asook welke optrede verlang word om dit reg te stel.



- 8.2 Die partye wat na bewering in gebreke is, sal 14 dae of sodanige langer tyd as wat in die omstandighede redelik mag wees, hê om die versuim reg te stel. Indien die versuim of verbreking nie binne die 14 dae reggestel word nie, sal die party wat kennis van die verbreking gegee het, bevoeg maar nie verplig wees nie, om die ooreenkoms skriftelik te kanselleer.
- 8.3 Enige dispuut, of eis voortspruitend uit hierdie ooreenkoms of die verbreking daarvan, of enige delik met betrekking tot of voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, of enige ander aangeleentheid waaroor die partye nie saamstem nie, sal verwys word vir arbitrasie.
- 8.4 Sodanige arbitrasie sal in George gehou word en sal bereg word op die basis van ALTERNATIEWE DISPUUT RESOLUSIE deur 'n bevoegde en onafhanklike regsgeleerde persoon, op wie die partye skriftelik ooreen sal kom. Indien die partye nie op 'n Arbiter ooreen kan kom nie, sal die Wetsgenootskap van die Kaap die Goeie hoop versoek word om 'n Arbiter aan te stel, op voorwaarde dat die Arbiter nie van George mag wees nie en 'n persoon moet wees wat nog nie voorheen met enige van die partye te doen gehad het nie, in hoe geringe mate ookal.
- 8.5 Die Arbiter mag enige bevel maak wat hy/sy in die omstandighede mag dink reg en billik is, insluitende maar nie



beperk nie tot bevele wat 'n party verplig om sy verpligtinge in terme van die ooreenkoms na te kom of uit te voer. Die Arbitrer kan ook enige tussentydse bevele maak wat hy/sy dink reg en billik is. Enige sodanige bevel, besluit, toekenning of bepaling sal afdwinging mag word deur enige Suid-Afrikaanse hof wat jurisdiksie daarvoor het

8.6 Die suksesvolle party sal geregtig wees op alle redelike prokureurskoste. Die besluit van die Arbitrer oor die toekenning van koste is ook afdwingbaar deur enige Suid- Afrikaanse hof wat daarvoor jurisdiksie het.

8.7 Beide partye stem hiermee toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof te George, of enige ander Landdroshof in wie se gebied 'n arbitrasietoekenning gemaak word.

D. DOMICILIUM EN JURISDIKSIE

9. Die partye kies as hulle onderskeie domicilium adresse:

9.1 GEORGE MUNISIPALITEIT:

Yorkstraat 19

GEORGE

6529

Handwritten signature and initials in the bottom right corner of the page.

9.2 NICO SMIT PROKUREURS:

Victoriastraat 77


George

6529

10. Alle kennisgewings sal gestuur word per geregisteerde pos na bovermelde adresse of per hand afgelewer word by bovermelde adresse welke adresse die partye kies as *domicilium citandi et executandi* en enige sodanige kennisgewings sal geag word behoorlik afgelewer te gewees aan die ander party 5 (vyf) dae vanaf datum van versending daarvan of op die dag nadat dit per hand afgelewer is.
11. Kennis van arbitrasie ingevolge klousule 8 sal gegee word ten minste een kalendermaand voor die arbitrasie sal plaasvind.

E. ALGEMENE BEPALINGS

1. Alle lêers met betrekking tot sake wat aan die prokureur oorhandig is ingevolge hierdie ooreenkoms, waar daar geen vordering op is nie sal aan die Munisipaliteit terug oorhandig word by verstryking of kansellasië van hierdie ooreenkoms, welke lêers die eiendom van die George Munisipaliteit sal word op voorwaarde dat alle bedraë verskuldig aan die Prokureur deur die George Munisipaliteit vereffen is en dat die prokureur die voorgeskrewe en redelike fooie ten opsigte van die sluiting van lêers mag hef. Alle lopende lêers waar daar vordering op is, word nie aan die

Handwritten signature and initials in the bottom right corner of the page.

Munisipaliteit terug oorhandig nie, maar bly die verantwoordelikheid van die prokureur om al die uitstaande gelde te vorder.

12. KOSTE- EFFEKTIWITEIT

- 12.1 Die partye sal voortdurend die hoeveelheid werk wat aan die prokureurs oorhandig is, sowel as die infrastruktuur en mannekrag wat nodig is om daaraan aandag te skenk, monitor en in ag neem en die prokureur se prestasie sal in verhouding daarmee gemeet word.
- 12.2 Nieteenstaande enigeiets anders hierin vervat, sal die Prokureur geregtig wees om hierdie ooreenkoms te kanselleer indien die hoeveelheid werk wat deur die Munisipaliteit oorhandig word vir invordering, in verhouding tot die koste van die invorderingsdiens daartoe lei dat die diens nie winsgewend deur die Prokureur bedryf kan word nie.

Handwritten signature and initials in the bottom right corner of the page. The signature appears to be 'JL' and there are other scribbles and initials around it.

13. WYSIGINGS

Geen wysigings of kansellasië van hierdie ooreenkoms is van krag nie, tensy dit op skrif gestel is en deur of namens die partye onderteken is. Geen verslapping of tegemoetkoming wat ten opsigte van prestasies kragtens hierdie kontrak toegelaat word, word as 'n afstanddoening van enigeen van die partye se regte onder hierdie ooreenkoms beskou nie.

GEDATEER TE GEORGE HIERDIE 17de DAG VAN NOEEMBER 2021.

AS GETUIES:

1.  _____

2.  _____

 _____
Nms GEORGE MUNISIPALITEIT

GEDATEER TE GEORGE HIERDIE 16 DAG VAN NOEEMBER 2021.

AS GETUIES

1.  _____

2.  _____

 _____
Nms NICO SMIT INGELYF